

Versamelstuk

BENODIGDHEDE: Ongeveer 120 g wit Tridalia Nr. 8 (50-g-bolle); hekelpen van 1,25 mm.

MATE: Ongeveer 34 x 40 cm.

AFKORTINGS: ks – kettingsteek; gs – glipsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek (steke); p – picot (= 3ks, 1gs in 1e ks); sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende.

Spasie: 1lb om te begin; *2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.

AANWYSINGS: Begin met 160ks, draai, plaas 1e lb in 8e ks vanaf hekelpen; begin by lyn A-B en volg diagram tot einde.

Moenie die gare afknip wanneer filetmiddelstuk voltooi is nie; draai en gaan voort met omranding.

OMRANDING: 1e rondte: *2kb in elk van vlg 7 sps, 3ks, slaan 1 sp oor; herh vanaf * rondom.

2e rondte: *5lb in 3ks-sp, 3ks, slaan 2kb oor, 10kb in vlg 10kb, 3ks, slaan 2kb oor; herh vanaf * rondom.

3e rondte: *2lb in eerste 2lb, (1lb, 3ks, 1lb) in middelste lb, 1lb in elk van vlg 2lb, 3ks, slaan 1e en laaste kb oor en hekel 8kb in middelste 8kb, 3ks; herh vanaf * rondom.

4e rondte: *3lb in eerste 3lb, (3lb, 3ks, 3lb) in 3ks-sp, 3lb in vlg 3lb, 3ks, 6kb in middelste 6kb, 3ks; herh vanaf * rondom.

5e rondte: *3lb in eerste 3lb, 3ks, slaan 3lb oor, 5lb in sp, 3ks, slaan 3lb oor, 3lb in laaste 3lb, 3ks, 4kb in middelste 4kb, 3ks; herh vanaf * rondom.

6e rondte: *(1lb in lb, 2ks) 3 keer, 1lb in 3ks-sp, 2ks, (1lb in lb, 2ks) 5 keer, 1lb in 3ks-sp, 3ks, (1lb in lb, 2ks) 3 keer, slaan 1kb oor, 1kb in elk van vlg 2kb, 2ks; herh vanaf * rondom.

7e rondte: Hekel in elke sp (1lb, 1p, 1lb) rondom. Knip gare af en werk netjies af.●

DIAGRAM

□ – spasie
X – blokkie



'N LAPPIE VIR DIE KOFFIETAFEL

